# GRAAD 12 GESKIEDENIS





# HERSIENINGSBOEK

# KWARTAAL 1

# 2026

| AKSIE WOORDE | BETEKENIS |
|---|---|
| **BRONGEBASEERDE VRAE** | |
| Lys, noem, ... volgens die bron...<br>Haal bewyse uit die bron aan Definieer die konsep ... Wat verstaan jy onder die konsep in die konteks van… | Die antwoorde is in die bron<br>– gebruik "aanhalingstekens…" wanneer jy antwoorde uit die bron onttrek<br>Die konsep is in die bron gedefinieer<br>Die konsep soos dit verstaan en in die inhoud gebruik word |
| Verduidelik in jou eie woorde... | Gebruik die inligting en verduidelik hoe jy dit verstaan. Moenie die inligting uit die bron oorskryf nie |
| Vergelyk ooreenkomste / verskille<br>Vergelyk hoe die bronne mekaar ondersteun met verwysing na... | Identifiseer die ooreenkomste/verskille tussen twee bronne as antwoord tot die vraag.<br>Kyk asseblief na die puntetoekenning **(2x2)** beteken twee ooreenkomste moet gegee word. Jou antwoord behoort te wees:<br>Bron A dui aan… en Bron B ...} √√<br>Beide bronne dui aan dat...} √√ **(2x2)** |
| Lewer kommentaar op<br><br>Lewer kommentaar op die bruikbaarheid/ betroubaarheid/ beperkinge / bevooroordeling van die bron met verwysing na... | Gee jou opinie, versterk jou siening deur gebruik te maak van logika en verwysing na relevante inligting in die bron en jou eie kennis **(2 x 2)**<br><br>Die bron is bruikbaar/betroubaar/beperk/bevooroordeeld omdat**...** **(2 x 2)** |
| **SKRYF VAN PARAGRAWE** | |
| Gebruik die inligting vanuit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf `n paragraaf… | Jy moet al die relevante bronne identifiseer. Gebruik die inligting in die bron wat jou vraag sal beantwoord. Maak verwysing na die bronne vanwaar jy jou inligting gekry het, bv. volgens Bron 1A… **(8)** |

**Wanneer jy voorberei vir brongebaseerde vrae, onthou die volgende:**




Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE



- Die **puntetoekenning sal aandui hoeveel inligting** jy benodig om in jou antwoord te verskaf.
- Die antwoorde moet duidelik en bondig wees en die puntetoekenning sal dit aandui.

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Skryf 2 kort antwoorde uit die bron (uittreksel van inligting) | Antwoord 1…. √<br>Antwoord 2… √ | (2 x 1) (2) |
|  | Skryf 1 gedetailleerde antwoord, bv. definisies of verduidelikings | Antwoord…. √√ | (1 x 2) (2) |
|  | Skryf 2 gedetailleerde antwoorde Interpretasie / verduideliking | Antwoord 1 …. √√<br><br>Antwoord 1 …. √√ | (2 x 2) (4) |

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME IN EUROPA NÁ DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG (1945) TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) GELEI?**

**Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.**
**1.1 Verwys na Bron 1A.**


1.1.1 Waaroor, volgens die bron, was Britse Premier Winston Churchill besorg oor die bedoelings van die Sowjetunie en hulle kommunistiese internasionale organisasie? (1 x 2) (2)

1.1.2 Definieer die konsep, 'Iron Curtain' (Ystergordyn), in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Identifiseer enige TWEE beroemde stede in die bron, wat onder die Sowjet-invloedsfeer lê. (2 x 1) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink Britse Premier Churchill bekommerd was oor die opkoms en dominansie van kommunistepartye in die oostelike state van Europa. (1 x 2) (2)

1.1.5 Verduidelik waarom 'n geskiedkundige hierdie bron as betroubaar sou beskou om die bedreiging wat Sowjet-ekspansionisme in Europa ingehou het, te verstaan. (2 x 2) (4)



**Volgens die bron**: Wanneer jy hierdie tipe vraag beantwoord, is dit belangrik om te onthou dat jy die inligting vanuit die bron **MOET** gebruik

1.2

Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Lewer kommentaar op hoe Stalin in die spotprent uitgebeeld word. (2 x 2) (4)

1.2.2 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom kommunisme nie na die volgende lande uitgebrei het nie:

(a) Griekeland en Turkye (1 x 2) (2)

(b) Frankryk (1 x 2) (2)



Enige **konsep** wat jy gevra word om te definieer moet binne die konteks van die onderwerp waarop jy fokus, beantwoord word.

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Wie, volgens die bron, het in 1947 vir Byrnes as die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake vervang? (1 x 1) (1)


1.3.2 Identifiseer TWEE redes in die bron wat die anti-kommunistiese regerings van Turkye en Griekeland gegee het om hulp by die VSA te kry. (2 x 1) (1)

1.3.3 Lewer kommentaar op waarom Acheson die sessie van die Kongres om 'n besluit oor die verskaffing van hulp aan Turkye en Griekeland te neem, as 'Armageddon' beskou het. (2 x 2) (4)

1.3.4 Gee TWEE redes, volgens die bron, wat Acheson aangevoer het toe hy die aard van die debat oor die noodsaaklikheid om Griekeland en Turkye te help, verander het. (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou

1.4 Gebruik Bron 1A en Bron 1C. Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1C met betrekking tot die verspreiding van kommunisme in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog ondersteun. (2 x 2) (4)



**Vergelyk inligting van verskillende bronne:** Wanneer jy gevra word om inligting van bronne te vergelyk, ongeag of dit ooreenkomste(ondersteun) of verskille is, word van jou verwag om inligting van beide bronne te versamel wat met mekaar ooreenkom of verskil. Byvoorbeeld, sal jy sê, "Bron A sê…" en "Bron B ondersteun dit deur te sê…" Die puntetoekenning sal as volg wees:
Bron A sê…

Bron B ondersteun dit deur te sê… √√

Onthou, dit is belangrik dat u 'n sekere aspek in beide bronne vind en met mekaar vergelyk. As die puntetoekenning (2x2) (4) is, moet u beide bronne TWEE keer met mekaar vergelyk.

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Noem TWEE Oos-Europese lande in die bron wat besondere belangstelling in die Europese Herstelprogram getoon het. (2 x 1) (2)


1.5.2 Volgens die bron, waarom het Stalin die Tsjegge en andere teen deelname aan die Europese Herstelprogram gewaarsku? (1 x 1) (1)

1.5.3 Verduidelik die konsep Stalinisasie in die konteks van die Koue Oorlog in Oos-Europa. (1 x 2) (2)

1.5.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op hoe die magsgreep in Tsjeggo-Slowakye en die Berlynse Krisis 'baie skade aan die Sowjet-beeld in Europa' gedoen het. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die verspreiding van kommunisme in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog (1945) tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) gelei het. (8)

**[50]**




**Skryf van `n paragraaf:** `n Paragraafvraag sal jou altyd beopdrag om die bronne sowel as jou eie kennis te gebruik om dit te skryf.

Dit beteken dat jy deur die bronne lees en kyk watter inligting dit jou gee met verwysing na die vraag wat beantwoord moet word.

Gebruik die inligting in die bronne om jou te lei hoe om die vraag te beantwoord.
'Eie kennis' moet net gebruik word om jou te help om uit te brei op die inligting wat die bron verskaf.
Onthou om slegs EEN paragraaf te skryf.

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 2: WATTER IMPAK HET ETNIESE STREEKSVERDELINGS IN ANGOLA GEDURENDE DIE 1970's OP DIE BURGEROORLOG GEHAD?**

**Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.**

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was gedeeltelik verantwoordelik vir die stagnering van die antikoloniale oorlog in Angola? (1 x 1) (1)

2.1.2 Definieer die konsep nasionalistiese magte in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word met die stelling, 'die Portugese weermag het die grense beheer en was vry om enige plek in die land te beweeg', in die konteks van die impak van antikoloniale bewegings. (2 x 2) (4)

2.1.4 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat beweer dat die Portugese beleid van kolonisasie op 25 April 1974 verander het. (2 x 1) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer DRIE Angolese partye in die bron wat Portugese koloniale beheer in die 1950's teengestaan het. (3 x 1) (3)

2.2.2 In die konteks van 'n koalisieregering in Angola, lewer kommentaar op wat met die stelling, 'Elke vryheidsbeweging het hulle voorkeur Gehad indien 'n nasionalistiese koalisie (alliansie) onmoontlik sou wees', geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

2.2.3 Noem enige TWEE stappe in die bron wat die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) gedoen het voordat die datum van die Angolese onafhanklikheid vasgestel kon word. (2 x 1) (2)

2.2.4 Verduidelik die term koalisieregering in die konteks van die Angolese regering in 1975. (1 x 2) (2)


2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Met verwysing na die bewyse in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom jy dink dat onder die drie vryheidsbewegings, dit vir die MPLA maklik sou wees om beheer oor Luanda te neem en die regering van Angola te vorm. (2 x 2) (4)

2.3.2 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit vir Zaïre (die Kongo) gerieflik was om die FNLA te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n

geskiedkundige wat die Angolese Burgeroorlog van 1975 navors. (2 x 2) (4)



**Volgens die bron**: Wanneer jy hierdie tipe vraag beantwoord, is dit belangrik om te onthou dat jy die inligting vanuit die bron **MOET** gebruik

**WENKE: om te help om vrae oor BRUIKBAARHEID/BETROUBAARHEID te beantwoord:**



**Neem die volgende inligting in ag wat in die kontekstualisering van die bron wat verskaf word:**

- Watter tipe bron is dit? Dit is `n brief (wat die oorspronklike brief verteenwoordig – oor getik),
- Dit is eerstehandse inligting en is daarom betroubaar /bruikbaar.
- Wanneer is die brief geskryf?
- Wie het die brief geskryf?
- Waarom was dit geskryf?
- Hoe relevant is die bron?

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C ondersteun oor die etniese streeksverdelings wat tydens die Angolese Burgeroorlog bestaan het.

(2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Identifiseer TWEE bewyse in die bron wat aandui hoe die Portugese regering die wedywering tussen vryheidsbewegings gedurende die burgeroorlog in Angola aangehits het. (2 x 1) (2)

2.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op hoe die burgeroorlog in Angola tot 'n Koue Oorlog verhewig het. (1 x 2) (2)

2.5.3 Volgens die bron was konflikte en 'n afwesigheid van samewerking


Kopiereg voorbehou

tussen die drie Angolese vryheidsbewegings op TWEE faktore gebaseer. Noem hierdie faktore. (2 x 1) (2)

2.5.4 Verduidelik waarom die FNLA en UNITA hulle vyand (MPLA) uitgebeeld het as 'n voortsetting van die koloniale stelsel wat sou voortgegaan het om onderskeid tussen ras en klas in Angola te herhaal. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die impak wat etniese streeksverdelings in Angola gedurende die 1970's op die burgeroorlog gehad het, te verduidelik. (8)

**[50]**




**Skryf van `n paragraaf:** `n Paragraafvraag sal jou altyd beopdrag om die bronne sowel as jou eie kennis te gebruik om dit te skryf.

Dit beteken dat jy deur die bronne lees en kyk watter inligting dit jou gee met verwysing na die vraag wat beantwoord moet word.

Gebruik die inligting in die bronne om jou te lei hoe om die vraag te beantwoord.
'Eie kennis' moet net gebruik word om jou te help om uit te brei op die inligting wat die bron verskaf.
Onthou om slegs EEN paragraaf te skryf.

**VRAAG 3: HOE HET REGERINGSOWERHEDE IN ALABAMA IN 1963 TYDENS DIE BIRMINGHAM-VELDTOG DIE GEWELDLOSE KINDEROPTOG HANTEER?**

**Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.**

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, waarom het Birmingham die bynaam 'Bombingham' gekry? (1 x 1) (1)

3.1.2 Definieer die term burgerregte-aktiviste in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dr. King in die tronk gesit is. (2 x 2) (4)

3.1.4 Haal enige TWEE maniere uit die bron aan om aan te dui hoe die polisie die betogers gedurende die Kinderoptog hanteer het. (2 x 1) (2)

3.1.5 Identifiseer TWEE maniere in die bron waarop jong swart mans in die stad se armste deel weerwraak geneem het vir die aanrandings en aanvalle deur die polisie. (2 x 1) (2)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Noem enige TWEE eise in die bron wat die betogers tydens die Kinderoptog van die Birmingham-veldtog gestel het. (2 x 1) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom die teenwoordigheid van Martin Luther King Jr. by die Kinderoptog dit geloofwaardigheid kon gee. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die betogings van die Kinderoptog tydens die Birmingham-veldtog in 1963. (2 x 2) (4)

3.4 Lees Bron 3C.

3.4.1 Volgens die bron, wat het Audrey Faye Hendriks oor die Kinderoptog onthou? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

3.4.2 Lewer kommentaar op waarom polisiemanne beweer het dat Audrey Faye 'gedwing is om deel te neem' aan die Kinderoptog. (2 x 2) (2)

3.4.3 Identifiseer bewyse in die bron wat daarop dui dat toestande vir die kinders wat in polisieselle aangehou is, nie goed vir hulle gesondheid was nie. (1 x 1) (2)

3.4.4 Verduidelik die beperkings van die bron vir 'n geskiedkundige wat die Kinderoptog tydens die Birmingham-veldtog in 1963 navors. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou



**Indien jy oor die betroubaarheid van bronne gevra word…**

**Argumenteer die Betroubaarheid van `n bron**: Wanneer jy wil argumenteer wanneer of nie `n bron betroubaar is, moet jy na die bron in sy geheel kyk, bv. wie het dit geskryf, wanneer was dit geskep, die konteks waarin dit geskep was. Die inligting wat saam met die bron aan jou gegee word, is baie belangrik om na te kyk wanneer jy probeer om jou besluit te maak.

`n Bron kan as betroubaar gesien word indien dit tydens die betrokke gebeure geskep was (primêre bron).
Bronne, geskep deur mense wat direk by gebeure betrokke was, kan betroubaar wees want dit word beskou as `n eerstehandse weergawe. Dié bronne sal gewoonlik bevooroordeeld wees, maar dit wys ons hoe `n sleutelrolspeler die betrokke gebeure ervaar het, so dit kan betroubaar wees.

Dieselfde bronne kan vir dieselfde redes as onbetroubaar beskou word. `n Bevooroordeelde bron gee slegs daardie person se perspektief van die betrokke gebeure.

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Volgens die bron, wie is verstom deur die skokkende beelde van die Birmingham-veldtog? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

3.5.2 Lewer kommentaar op wat Gloria Clark geïmpliseer het met die woorde, 'En ek het gesê dat daar geen kans is dat hy gaan definieer hoe mense in hierdie land waarin ek woon, behandel moet word nie', in die konteks van hoe betogers tydens die Birmingham-veldtog behandel is. (2 x 2) (4)

3.5.3 Verduidelik die term desegregeer in die konteks van veranderinge aan diskriminerende wette in Amerika in die 1960's. (1 x 2) (2)

3.5.4 Tot watter gevolgtrekking kan jy kom oor die stelling, '… het Kennedy geglo dat dit tyd was om burgerregte heel boaan sy agenda te plaas …', in die konteks van die impak van die Birmingham-veldtog? (1 x 2) (2)



**Volgens die bron**: Wanneer jy hierdie tipe vraag beantwoord, is dit belangrik om te onthou dat jy die inligting vanuit die bron **MOET** gebruik

(8)
**[50]**

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe regeringsowerhede in Alabama in 1963 tydens die Birmingham-veldtog die geweldlose Kinderoptog hanteer het.




**Skryf van `n paragraaf:** `n Paragraafvraag sal jou altyd beopdrag om die bronne sowel as jou eie kennis te gebruik om dit te skryf.

Dit beteken dat jy deur die bronne lees en kyk watter inligting dit jou gee met verwysing na die vraag wat beantwoord moet word.

Gebruik die inligting in die bronne om jou te lei hoe om die vraag te beantwoord.
'Eie kennis' moet net gebruik word om jou te help om uit te brei op die inligting wat die bron verskaf.
Onthou om slegs EEN paragraaf te skryf.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: OPSTELVRAE




**WENKE: Opstevrae sal op die volgende manier gestel word:**

**Stem jy saam met die stelling?**

`n Stelling word gegee. Kandidate word gevra om `n standpunt in te neem

**Bespreek krities…**

Gee jou beslissing tot watter mate `n stelling of bevinding binne `n bewysstuk waar is, of tot watter mate jy daarmee saamstem. Voorsien bewyse wat beide saamstem met `n argument of dit teenstaan. Kom tot `n finale gevolgtrekking, gebaseer op jou besluit op wat jy bevind het die mees belangrike faktore is en regverdig hoe jy jou tot jou besluit gekom het.

**Verduidelik tot watter mate…**

Om die besondere mate te stel waartoe iets die werklikheid of geglo word die situasie is: die tipe vraag vra vir `n deeglike assessering van die bewyse.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.
Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Militêre strategieë wat deur die Amerikaanse weermag toegepas is, kon nie daarin slaag om tussen 1962 en 1973 'n klein toegewyde weermag van Viëtkong-guerillas in die Viëtnam-oorlog te verslaan nie.

Stem jy met die stelling saam? Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Bespreek krities die doeltreffendheid van Mobutu Sese Seko se politieke en ekonomiese beleide in die ontwikkeling van die Kongo nadat onafhanklikheid van Belgiese koloniale heerskappy in die 1960's verkry is. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie suksesvol was om eietrots (selftrots) en dryfkrag (moed) by swart Amerikaners te kweek om gedurende die 1960's en die 1970's segregasie en polisiewreedheid in die Verenigde State van Amerika te konfronteer.
Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**Aktiwiteit:**

- Skryf `n inleiding en `n samevatting oor die bostaande vrae.
- Verseker dat die inleiding en slot met die vraag geskakel is
- Trek `n breinkaart op om die gebeure te identifiseer wat die vraag die beste addresseer

Meld die volgende in jou uitbreiding:

- Naam van die gebeure
- Verduideliking van die gebeure
- Toepaslike voorbeelde (waar moontlik)
- Hoe het die gebeure tot die vraag bygedra?

Kopiereg voorbehou

| VAARDIGHEDE: PVBS(PEEL) METODE |
|---|
| **P = PUNT**: Die opening sin van u paragraaf moet 'n duidelike stelling of punt maak.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gestel is, onderhou. |
| **E /B= BEWYSE**: Die volgende paar sinne moet getuienis lewer om die stelling [punt] wat u hierbo gemaak het, te staaf. Dit is die datums, besonderhede, feite, figure uit die lees van u handboek en bronmateriaal. |
| **E/V = VERDUIDELIK**: Die volgende paar sinne in u paragraaf moet die punt wat u so pas gemaak het, verduidelik |
| **L /S= LINK**: Aan die einde van u paragraaf moet u terug skakel na die opstelvraag en / of aanstuur na die volgende paragraaf |

**WENKE: Skryf van Opstelle**

**2.** Lees die opstelvraag noukeurig deur om die vraagfokus te verstaan.

**3.** Onderstreep die **instruksie woord, vraagfokus, rigting wat aan die inhoudsfokus en tydsraamwerke gegee word**.

**4.** Jy moet kennis neem van die format van die opstel naamlik: Inleiding, Liggaam (in paragrawe) en samevatting.

**5.** Die opstel moet in chronologiese orde (die volgorde waarin gebeure plaasgevind het) geskryf word.

**6.** Die inleiding moet `n direkte respons op die vraag wees. Van jou word verwag om `n standpunt in te neem en bewyse te gebruik om jou standpunt te ondersteun.

# GRAAD 12 GESKIEDENIS

# ADDENDUM




# KWARTAAL 1

# 2026

Kopiereg voorbehou

**Wenke: Addendum**

.



**Wanneer jy met bronne werk, moet jy die volgende onthou:**

1. Die sleutelvraag verskaf die focus van die inhoud in die bronne. Dit sal ook as paragraafvraag gevra word.
2. Die bron sal wees:
   - Gemerk, bv. Bron 1C
   - Gekontekstualiseer – dit sal aandui waaroor die bron gaan, hoekom dit geskryf is, wie (eienaar van) die bron gekryf het, wanneer dit geskryf is en waar die gebeurtenis plaasgevind het**.**
   - Verwysinga (aan die einde van die bron)
3. Lees die bron met begrip
4. Lig konsepte / terme in die bro nuit, bv. totalitarisme

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME IN EUROPA NÁ DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG (1945) TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) GELEI?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder is uit die 'Iron Curtain'('Ystergordyn')-toespraak wat op 5 Maart 1946 deur die Britse Premier, Winston Churchill, by Westminster College in Fulton, Missouri, gelewer is. Dit fokus op die bedreiging wat Sowjet- ekspansionisme in Europa ingehou het.

Niemand weet wat Sowjet-Rusland en hulle kommunistiese internasionale organisasie beplan om in die nabye toekoms te doen nie, of wat die beperkings, indien enige, van hulle uitbreidingsdrang (vergroting) is nie.

Vanaf Stettin in die Oossee tot Triëst in die Adriatiese See het 'n 'Iron Curtain' (Ystergordyn) oor die kontinent neergedaal. Al die hoofstede van die antieke state van Sentraal- en Oos-Europa lê agter daardie lyn. Warskou, Berlyn, Praag, Wene, Boedapest, Belgrado, Boekarest en Sofia, al hierdie beroemde stede en die bevolkings daar rondom, lê in wat ek die Sowjet-sfeer moet noem. Almal is, in een of ander vorm, nie net aan Sowjet-invloed nie, maar ook tot 'n baie hoë, en in sommige gevalle, toenemende mate, aan beheer van Moskou af onderwerp.


Slegs Athene – Griekeland met hulle onsterflike (ewige) grootsheid – is vry om met 'n verkiesing, onder Britse, Amerikaanse en Franse waarneming, oor hulle toekoms te besluit. Die Russies-gedomineerde Poolse regering is aangemoedig om enorme en verkeerdelike indringing in Duitsland te maak en massa-uitsettings (verwydering) van miljoene Duitsers op 'n ernstige (kritieke) en ongehoorde skaal is nou besig om plaas te vind. Die kommunistepartye wat in al hierdie oostelike state van Europa baie klein was, is tot superioriteit (dominansie) en mag ver bo hulle getalle verhef en soek oral om totalitêre beheer te verkry. 2025

[Uit Book of Great Speeches deur A Burnet]

Kopiereg voorbehou

**BRON 1B**

Die visuele bron hieronder, deur die Britse spotprenttekenaar Illingworth, het op 16 Junie 1947 in The Daily Mail verskyn. Dit beeld Stalin se beleid van ekspansionisme (uitbreiding) in Oos-Europa uit.




[Uit *The Daily Mail*, 16 Junie 1947]

**BRON 1C**

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel met die titel 'Kissinger and Acheson: The Secretary of State and the Cold War', deur W Lafeber, wat in 1977 verskyn het. Dit lê klem op die rol wat Dean Acheson, Adjunkminister van Buitelandse Sake gedurende George Marshall se administrasie, gespeel het om Amerika te beïnvloed om die verspreiding van kommunisme in Europa te keer.

Vroeg in 1947, met Byrnes uit en George Marshall in as die Minister van Buitelandse Sake, het die anti-kommunistiese regerings van Turkye en Griekeland daarop aanspraak gemaak dat hulle onder erge Sowjet-druk was en nie hulle eie oorlewing kon waarborg nie. Oortuig daarvan dat Amerika die Turkse en Griekse regerings moes help, het die staatsadministrasie nietemin voor die moeilike taak gestaan om 'n fiskaal (finansieel) versigtige Kongres te oortuig om die bystand te verleen wat nodig was om hierdie regerings te ondersteun.

Truman het op 27 Februarie 'n vergadering tussen administrasie-amptenare en 'n handjievol vooraanstaande senatore en Kongreslede belê in die hoop dat die wetgewers oorreed kon word. Dean Acheson het hierdie ontmoeting beskryf as 'Armageddon' ('n term gebruik om die einde van die wêreld te beskryf). Marshall het eerste gepraat en die noodsaaklikheid van Amerikaanse optrede beklemtoon omdat dit die regte ding was om te doen en omdat niemand anders wou help nie. Die wetgewers het onwrikbaar (onbeweeglik) gelyk. Was dit Amerika se geveg? Sou die rekening (koste) waarskynlik enorm (baie groot) wees? Acheson het gevra om te praat.

Hy het onmiddellik die aard van die debat verander. Hy het gesê dat die krisis in suidoos-Europa nie 'n plaaslike onderonsie (klein bakleiery) was nie, maar een wat die twee Koue Oorlog-magte behels het. Die Sowjette was besig om Turkye en Griekeland onder druk te plaas. 'n Groot gedeelte van die Vrye Wêreld was op die spel. As Griekeland kommunisties sou word, sou die korrupsie almal na die oostekant van Griekeland besmet (beïnvloed). Dit sou ook Afrika deur Klein-Asië, en Europa deur Italië en Frankryk, beïnvloed. Slegs Amerika het in die pad van 'n kommunistiese aanslag (aanval) gestaan, wat, indien dit suksesvol sou wees, vryheid sou onderdruk en alle hoop op ekonomiese herstel in dele van drie kontinente sou vernietig.

[Aangepas uit 'Kissinger and Acheson: The Secretary of State and the Cold War' deur W Lafeber]

Kopiereg voorbehou

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder is uit The Oxford Illustrated History of Modern Europa, wat in 1996 deur TCW Blanning geredigeer is. Dit fokus op hoe die Sowjetunie die Kominform geskep het in reaksie op die Marshall-plan en ook om hulle invloedsfeer oor Oos-Europa te

Die Russe het 'n afvaardiging van tagtig mense na Parys gestuur waar die Europese Herstelprogram (Marshall-plan) in hooftrekke beskryf is en Oos-Europese lande, soos Tsjeggo-Slowakye en Pole, besondere belangstelling getoon het. Maar Stalin het die Amerikaanse aanbod as 'n uitdaging teen sy invloedsfeer beskou. Hy het die Tsjegge en andere teen deelname gewaarsku en die Sowjet-afvaardiging onttrek.

Hy het daardie herfs 'n ideologiese oorlog teen Westerse kapitalisme verklaar en die Kominform (die Kommunistiese Inligtingsburo) geskep om buitelandse kommunistepartye te orkestreer (stig) en om die koalisionis(saamwerk)-strategie in Frankryk en Italië met stakings te vervang wat bedoel was om die regerings tot 'n val te bring. In die Ooste het Sowjet-invloed nou Sowjet-dominansie geword. Die magsgreep in Februarie 1948 in Tsjeggo-Slowakye is deur die 'Stalinisasie' van 'n groot gedeelte van die streek opgevolg. Almal, behalwe kommuniste, is verbied (verban). Diegene wat onafhanklik van Moskou was, is verwyder (ontslae raak), landbou en swaar nywerhede is onder staatsbeheer gebring, en burgerlike en politieke vryhede is stelselmatig opgehef (afgeskaf).

Die Tsjeggiese magsgreep en die Berlynse Krisis het baie skade aan die Sowjet-beeld in Europa gedoen, selfs in Frankryk waar die Kommunisteparty steeds 'n kwart van die stemme in verkiesings gekry het. Ewe belangrik was dat Marshall-hulp, wat baie goed geadverteer is, harte en sienswyses gewen het. Tussen 1948 en 1951 het Amerika ongeveer $13 miljard in Wes-Europa ingestoot …

[Uit The Oxford Illustrated History of Modern Europe, geredigeer deur TCW Blanning]

## VRAAG 2: WATTER IMPAK HET ETNIESE STREEKSVERDELINGS IN ANGOLA GEDURENDE DIE 1970's OP DIE BURGEROORLOG GEHAD?

### BRON 2A

Die bron hieronder, met die titel South African Intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976: Motivations and Implications, is geneem uit navorsing wat J Nerys in 2002 gedoen het. Dit verduidelik dat Portugal tot in 1975 totale beheer oor Angola gehad het as gevolg van die ondoeltreffendheid van antikoloniale bewegings in Angola.

Die militêre ondoeltreffendheid van die antikoloniale bewegings is beskou as gedeeltelik verantwoordelik vir die stagnering (onaktiwiteit) van die antikoloniale oorlog in Angola. Hierdie relatiewe mislukking kan aan 'n aantal faktore toegeskryf (gekoppel) word, veral die werklike feit dat die nasionalistiese magte in drie aparte mededingende magte verdeel was.

Volgens 'n gewese lid van die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA), was die militêre swakheid van hierdie beweging meer as ooglopend indien Portugese teeninsurgensie(rewolusionêre)-operasies in ag geneem word. Ten spyte van die teenwoordigheid van hulle eenhede op Angolese grond, is daar min bewyse om die MPLA se bewerings dat daar 'bevryde' gebiede bestaan het, te ondersteun: die Portugese weermag het die grense beheer en was vry om enige plek in die land te beweeg. Die ander bewegings, die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) en die National Liberation Front of Angola (FNLA), het nie enigsins beter gevaar nie.

Deur die ontplooiing van hulle gewapende magte het die Portugese regime daarin geslaag om doeltreffende en nominale (minimale) soewereiniteit van die kolonie te behou, ten spyte van die antikoloniale uitdaging. Dit het alles op 25 April 1974 verander. Die ontwikkeling van politieke en ekonomiese magte in Portugal het in alle opsigte die magstruktuur wat vir 40 jaar so goed deur Salazar (Portugese diktator) in stand gehou is, ontgroei. Sy opvolger, Marcello Caetano, het verandering belowe, maar het dit nie (of kon dit nie) vinnig genoeg verskaf nie.

[Uit South African Intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976: Motivations and Implications deur J Nerys]

Kopiereg voorbehou

**BRON 2B**

Die bron hieronder is uit 'n boek Politics and Society in Contemporary Africa, deur N Chazan, wat in 1999 verskyn het. Dit fokus op die etniese samestelling van die drie hoofvryheidsbewegings in Angola en hoe die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) probeer het om die dreigende burgeroorlog tussen hulle te voorkom.

Die drie partye in Angola met eiesoortige sosiale basisse, het in die 1950's beplan om Portugese koloniale beheer teen te staan. Die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) was 'n stedelike beweging met 'n Marxistiese intellektuele beskouing, veelrassig, maar hulle etniese basis was Mbundu. In teenstelling daarmee was die National Liberation Front of Angola (FNLA) landelik, etnopopulisties (bevorder een etniese groep), eenrassig (een etniese/ras) en etnies Bakongo, en die grootste was Ovimbundu wat die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) gevorm het. Selfs voor die opstand (rebellie) was die leiers van beide groepe [FNLA en UNITA] buite Angola bekend aangesien hulle die verskillende antikoloniale byeenkomste, soos die All-African People's Conference, bygewoon het.


Die vraag oor wie Angola sou regeer, het by die struktuur van kontinentale alliansies (koalisies) en ideologiese ooreenkomste ingepas. Elke vryheidsbeweging het hulle voorkeur gehad indien 'n nasionalistiese koalisie (alliansie) onmoontlik sou wees, maar die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) wou eers Angolese eenheid verkry en het in Januarie 1975 vir Neto, Roberto and Savimbi byeengebring om oor 'n gemeenskaplike front (standpunt) te onderhandel. Hulle het wel die driesydige ooreenkoms (Alvor Ooreenkoms) onderteken en toe voortgegaan om 'n ooreenkoms met Portugal te onderhandel oor die vasstelling van die datum van Angolese onafhanklikheid.

Die OAE het in Junie weereens probeer om die dreigende (naderende) burgeroorlog te voorkom deur die drie partye na die onderhandelingstafel te bring. Hierdie tydelike détente (ooreenkoms) is in Julie vernietig toe die FNLA, deur Zaïre (die Kongo) bygestaan, met 'n aanval begin het. 'n OAE-spitsberaad het die bloedvergieting veroordeel en 'n kommissie aangestel om vir 'n koalisieregering te werk. Alle Afrika-regerings het tot op die aangeduide Onafhanklikheidsdag in November 1975 by hierdie posisie bly staan.

[Uit Politics and Society in Contemporary Africa deur N Chazan]

**BRON 2C**

Die kaart hieronder toon die verdeling van Angola in drie hoof- etniese groepe, naamlik Bakongo, Mbundu en Ovimbundu. Hulle het die basisse van die hooflidmaatskap van die drie vryheidsbewegings, die National Liberation Front of Angola (FNLA), die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) en die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) onderskeidelik gevorm.




[Uit https://www.historynet.com/author/ron-soodalter/. Toegang op 12 Augustus 2024 verkry.]

**BAKONGO:**
**Noord-Angolese wat die FNLA ondersteun het en deur Amerika en Zaïre (DRK) bygestaan is**
**MBUNDU:**
**Noord-Sentraal Angolese wat die MPLA ondersteun het en deur Kuba en die Sowjetunie bygestaan is**
**OVIMBUNDU:**
**Sentraal-Suidelike Angolese wat UNITA ondersteun het en deur Amerika en Suid-Afrika bygestaan is**

Kopiereg voorbehou

**BRON 2D**

Die bron hieronder is 'n artikel met die titel 'Accusation and Legitimacy in the Civil War in Angola' deur I Dulley. Dit verduidelik hoe die Angolese etniese streekswedywering (konflik) gegroei het en met ideologiese verskille van die Koue Oorlog-era ooreengestem het.

| |
|---|
| Die burgeroorlog in Angola kan toegeskryf (gekoppel) word aan die optrede van die Portugese regering wat daarna gestreef het om sosiale en etniese verdelings onder die nasionaliste bloot te stel en in stand te hou. Hulle het gedurig ooreenkomste met een beweging, tot nadeel van die ander, aangegaan wat dus die wedywering tussen hulle aangehits het.<br><br>Die ideologiese antagonisme-(haat)eienskap van die steun wat tydens die Koue Oorlog deur die Sowjetunie, China en Amerika aan die bewegings gegee is, is 'n bewys dat interne faktore wat met die plaaslike sosiopolitieke en historiese vorming verband gehou het, ook 'n sentrale rol in die konflik gespeel het. In die stryd om vryheid en die burgeroorlog was daar konflikte, 'n gebrek aan samewerking en aansprake van pioniers (stigters) wat deur die bewegings gemaak is, wat op antagonisme (haat) en verdelings van operasionele gebiede gebaseer was.<br><br>Die volharding van die teensprake wat alreeds in die stryd om vryheid teenwoordig was, is weerspieël in die projeksie (plan), deur beide die FNLA en UNITA, van 'n vyand wat ná die koloniale tydperk beveg sou moes word as deel van hulle opbou van 'n beskrywing (storie) oor hulleself. Die aantygings (beskuldigings) wat deur die leiers van die bewegings gemaak is, beeld die vyand as 'n voortsetting van die koloniale stelsel uit deur hulle daarvan te beskuldig hulle dat die onderskeid (verdelings) van ras, etnisiteit, streeksgebondenheid en klas wat die Portugese regering in Angola gekenmerk het, sou reproduseer (herhaal).<br><br>[Uit 'Accusation and Legitimacy in the Civil War in Angola' deur I Dulley, Januarie 2020] |

**VRAAG 3: HOE HET REGERINGSOWERHEDE IN ALABAMA IN 1963 TYDENS DIE BIRMINGHAM-VELDTOG DIE GEWELDLOSE KINDEROPTOG HANTEER?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder, uit The Civil Rights Movement – An Illustrated History deur B Wilkinson, verduidelik die gebeure wat in 1963 in Birmingham, Alabama, plaasgevind het ná die vrylating van dr. Martin Luther King Jr. uit die tronk.

Birmingham, Alabama se grootste stad, het 'n reputasie onder burgerregte-aktiviste as die 'slegste groot stad in die VSA' gehad. Agtien onopgeloste bomaanvalle in swart woonbuurte tussen die laat 1950's en 1963 het die stad die bynaam Bombingham besorg. Die betogings het op 3 April 1963 in die middestad van Birmingham onder die onheilspellende (dreigende) oë van 'Bull' Connor, die Polisiekommissaris, plaasgevind wat vir etlike weke waartydens dr. King tronk toe is en vir drie dae alleen opgesluit is, geen skote afgevuur het nie. In hierdie tydperk het hy (dr. King) op 16 April die kragtige 'Letter from Birmingham Jail' ('Brief uit Birmingham-tronk') op stukkies papier geskryf.

… etlike ('n paar) dae ná dr. King op borgtog vrygelaat is, het die duiwel in die stad losgebars. Honderde adolessente en jonger kinders is teen 2 Mei 1963 gewerf, en hulle het met entoesiasme betoog (Kinderoptog ('Children's March')). Meer as 900 van hulle is daardie dag gearresteer. Die optog na die Stadshuis ('City Hall') is afgestel (gekanselleer) toe polisie die Sixteenth Street Baptist Church, met 'n duisend betogers binne-in, afgesper (geblokkeer) het. Diegene wat probeer het om uit (die gebou) te gaan, is aangerand met brandslange, met die druk só gestel dat dit bas van bome kon afstroop, hulle is voor die voet (willekeurig) geslaan en deur polisiehonde aangeval. Die slagting (bloedbad) het die nasie net soveel geskok soos tonele uit die oorlog in Viëtnam kort daarna sou doen.

Jong swart mans in die stad se armste dele het geweldloosheid verwerp en gewelddadig teen hulle onderdrukkers betoog. Wit handelaars het te staan gekom voor 'n see van swart stakers (betogers) en protesteerders wat ondersteuning van hulle winkels ontmoedig het.

[Uit The Civil Rights Movement – An Illustrated History deur B Wilkinson]

Kopiereg voorbehou

**BRON 3B**

Die foto hieronder is uit die Black History Buff-podsending. Dit toon Martin Luther King Jr. saam met sommige van die kinders en jongmense wat op 2 Mei 1963 aan die Kinderoptog ('Children's March') in Birmingham, Alabama, deelgeneem het.




[Uit https://steadyhq.com/en/blackhistory/posts/19bc41d7-0297-4f98-abf4-a17bea49bff3. Toegang op 27 Julie 2024 verkry.]

SEGREGASIE
MOET
VERDWYN

SCLC

MOENIE IN
GESEGREGEERDE
St. John County
KOOP NIE

Die Stadsbeamptes
WIL NIE
met kinders
PRAAT NIE

**BRON 3C**

Die bron hieronder is 'n onderhoud wat in 1995 deur B Wilkinson met Audrey Faye Hendriks, wat destyds met die Kinderoptog 9 jaar oud was, gevoer is. In die onderhoud beskryf sy hoe hulle deur die polisie in Birmingham ondervra is.

Audrey Faye Hendriks, nege jaar oud en in graad drie, was een van die kinders wat op 2 Mei gearresteer is. Sy sou later terugdink: 'Ek was nie senuweeagtig of bang nie. Ons het by die Sixteenth Street Church begin. Ons het altyd gesing wanneer ons die kerk verlaat het. Die sang was soos 'n gejubel (vreugdevol sing). Dit was vrymaking (verlossing) … dit het jou ook kalmte en gerusstelling gegee. Ons het afbeweeg … by Kelly Ingram Park en ongeveer 'n halwe blok gestap. Die polisie het ons toe in vangwaens gelaai. Daar was baie kinders, maar ek dink ek was die jongste kind daarbinne.'

Die polisiemanne het Audrey Faye later geskei om haar oor die optog te ondervra. Hulle het haar gedruk oor besonderhede van die planne en beweer dat sy gedwing is om deel te neem. 'Ek was eers senuweeagtig toe hulle my ingeroep het,' onthou sy. 'Die ergste ding wat ek gedink het, was dat hulle my kon doodmaak. Nadat hulle my begin vrae vra het, het ek 'n bietjie kalmeer en gedink, miskien gaan hulle niks doen nie. Maar dit het deur my gedagtes gegaan. Dit was 'n vertrek met vyf of ses mans in. Almal was wit. En ek was klein …'

Nadat sy ondervra is, is Audrey uiteindelik na haar sel teruggeneem waar sy vir sewe dae saam met ander kinders aangehou is. 'Ons het in klein kamertjies met stapelbeddens geslaap … ongeveer twaalf van ons in 'n kamer. Ons het onsself Vryheidsvegters genoem. Die kos was nie tuisgemaak nie. Ek onthou 'grits' (gemaalde mieliemeelpap) en dit was nie lekker nie. My ouers kon vir sewe dae nie 'n woord met my praat nie.' Soos wat die betogings voortgegaan het, het die nuus gekom dat die selle vol was en dat die polisie nou gedwing was om studente na die skouterrein te neem om hulle te huisves. 'Ek het gevoel asof ek besig was om te help om vryheid te bekom.'

[Uit The Civil Rights Movement – An Illustrated History deur B Wilkinson]

Kopiereg voorbehou

**BRON 3D**

Die uittreksel hieronder is uit 'n boek, I Have a Dream – The Life and Works of Martin Luther King Jr, wat deur J Haskins geskryf is. Dit verduidelik die stappe wat die Amerikaanse regering gedoen het om ná die Birmingham-veldtog die Grondwet te verander.

Die skokkende beelde uit Birmingham het die nasie en die wêreld ontstel. Progressiewe wit studente op kollegekampusse kon nie die ongeregtigheid wat in hulle land plaasvind, glo nie. Gloria Clark het onthou hoe 'n onderhoud met Bull Connor op televisie gevoer is: 'Ek het nog nooit hierdie sin vergeet nie: "Ons kan self na ons eie negers* omsien …" En ek het gesê dat daar geen kans is dat hy gaan definieer hoe mense in hierdie land waarin ek woon, behandel moet word nie. Daar is nie 'n manier waarop ek wil hê dat so 'n man dit moet definieer nie.'

Op aandrang van die Amerikaanse Minister van Justisie, Robert Kennedy, het die Southern Christian Leadership Conference (SCLC) en Birmingham-besighede op 10 Mei 'n ooreenkoms bereik. Laasgenoemde het ingestem om middagete-toonbanke en sekere ander fasiliteite te desegregeer en om aanstellingspraktyke vir swart burgers te verbeter. Goewerneur George sou die ooreenkoms afkeur en op 11 Mei het bomme by die huise van AD King (dr. Martin Luther King se broer) en by die Gaston Motel, waar dr. King gebly het, ontplof. Na aanleiding van die geweld in Birmingham, wat die meeste van sy kollegas in Washington woedend gemaak het, het Kennedy geglo dat dit tyd was om burgerregte heel boaan sy agenda te plaas – en so gou as moontlik want gebeure was besig om vinnig plaas te vind.

Die Amerikaanse federale hooggeregshof het op 20 Mei verklaar dat die stadsegregasie-ordinansies (wette) ongrondwetlik was. Sitstaking-aktiviste in Jackson, Mississippi, is deur segregasioniste mishandel. Twee dae later het King 'n telegram na die president gestuur om 'n vergadering te versoek. King het gehoop dat hy Kennedy sou kon oorreed om 'n uitvoerende bevel teen segregasie uit te reik.

[Uit I Have a Dream – The Life and Works of Martin Luther King Jr deur J Haskins]

***Negers** – 'n neerhalende woord uit die tydperk van slawehandel wat vir swart Amerikaners gebruik is

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Blanning, TCW. 1996. The Oxford Illustrated History of Modern Europa (Oxford University Press)

Burnet, A. 2006. Book of Great Speeches (Chambers Harrap Publishers Ltd)

Chazan, N. 1999. Politics and Society in Contemporary Africa (Red Globe Press, Londen)

Dulley, I. 2020. 'Accusation and Legitimacy in the Civil War in Angola', Vibrant, Virtual Brazilian Anthropology, Vol. 17.

Haskins, J. 1992. I Have a Dream – The Life and Works of Martin Luther King Jr. (The Millbrook Press, Connecticut)

https://steadyhq.com/en/blackhistory/posts/19bc41d7-0297-4f98-abf4-a17bea49bff3

https://www.historynet.com/author/ron-soodalter/

Lafeber, W. 1977. 'Kissinger and Acheson: The Secretary of State and the Cold War' (Oxford University Press)

Nerys, J. 2002. South African Intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976: Motivations and Implications (Universiteit van Kaapstad)

The Daily Mail, 16 Junie 1947

Wilkinson, B. 1997. The Civil Rights Movement – An Illustrated History (Crescent Books, VSA)

Kopiereg voorbehou